
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**MUSIEK V2**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 30**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

*Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoord wat nie in hierdie nasienriglyne gegee word nie.*

## AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)


### VRAAG 1

Snit 1

1.1 Noteer die ritme van die ontbrekende note in maat 3 en 4.

**Antwoord:**

[Een-maat-inleiding]





*½ punt x 6 soos aangedui* (3)

Snit 2

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B).

**Antwoord:**




*Toonhoogte en ritme moet korrek wees: ½ punt x 2* (1)

**[4]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2**

2.1 Identifiseer die kadens aan die einde van ELK van die volgende TWEE uittreksels.

Snit 3

2.1.1 **Antwoord:** Onvolmaakte kadens *1 punt* (1)

Snit 4

2.1.2 **Antwoord:** Volmaakte kadens *1 punt* (1)

2.2 Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

Snit 5

2.2.1 Watter EEN van die volgende beskryf die tydmaatteken die beste?

| | | | |
|---|---|---|---|
| $\frac{7}{4}$ | $\frac{4}{4}$ | $\frac{3}{4}$ | X $\frac{5}{4}$ |

*1 punt* (1)

Snit 6

2.2.2 Identifiseer die mees prominente komposisietegniek in die melodie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| X Sekwens | Omkering | Vergroting | Verkleining |

*1 punt* (1)

Snit 7

2.2.3 Identifiseer die mees prominente tekstuur.

| | | | |
|---|---|---|---|
| X Kontrapuntaal | Monofonies | Onbegeleid | Homofonies |

*1 punt* (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 8

2.2.4 Identifiseer die korrekte akkoordprogressie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| V–vi–I–V | ~~I–vi–IV–V~~ | I–IV–I–vi | I–IV–V–vi |

*1 punt* (1)

Snit 9

2.3 Dui TWEE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 9 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in TWEE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Herhalende perkussie-patroon | X |
| Akoestiese klavier | |
| 'n Progressie van aangehoue akkoorde in die klawerbord | X |
| Poliritme | |
| Onreëlmatige tydmaat | |
| Herhalende dalende sopraanmelodie | |
| Glissando-agtige basfiguur | X |

(2)

(8 ÷ 2) **[4]**

**TOTAAL AFDELING A: 8**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**

**Beantwoord VRAAG 3 (IAM)**
**OF VRAAG 4 (JAZZ)**
**OF VRAAG 5 (WKM).**

*Nota aan nasiener: Wanneer 'n kandidaat meer as die vereiste antwoorde aangedui het, moet slegs die eerste antwoorde nagesien word.*

**VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)**

3.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 10 en 11 verband hou. Maak vir ELKE snit 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies.

Snit 10

3.1.1

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Gevarieerde teksture | **X** |
| Dalende majeur toonleer in die bas | |
| Geaksentueerde akkoorde | **X** |
| Beenratels | |
| Tremolo in die sopraan- en altmarimba | **X** |
| Krepitasie | **X** |
| Toonlere word deur die tenoormarimbas gespeel | |
| Volmaakte kadens | |

*3 x 1* (3)

Snit 11

3.1.2

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Legato-melodie deur die tenore | **X** |
| Soepel tempo | |
| SATB | **X** |
| Dissonante harmonieë | **X** |
| Sinkopasie | **X** |
| Staccato-melodie deur die sopraan | |
| Begeleiding deur die strykers | |
| Drieslagmaat | |

*3 x 1* (3)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 12

3.2 Wat is die rol van die koor in hierdie a cappella-stuk?

**Antwoord:**

- Dit ondersteun die solis.
- Dit antwoord op die roep van die solis.
- Dit verskaf harmoniese begeleiding.
- Dit voorsien perkussiewe begeleiding in die vorm van 'n herhalende ritmiese figuur wat deur die stem (wat die klank van skutters naboots) gemaak word.

*Enige DRIE* (3)

Snit 13

3.3 Beantwoord die volgende vrae:

3.3.1 Identifiseer die kunstenaar wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

**Antwoord:** Mfaz'omnyama/Inkunz' Emdaka *1 punt* (1)

3.3.2 Met watter DRIE items in KOLOM A assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

**Antwoord:**

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Siklus van twee majeur akkoorde | **X** |
| Roep en antwoord | |
| Isihlabo | **X** |
| Vrye tydmaat gevolg deur streng tydmaat | **X** |
| Blues-toonleer | |
| Prominente elektriese-kitaar-solo | |
| Triole in die baskitaar | |
| Prominente gebruik van umakhwenyane | |
| 'n Enkele herhalende akkoord dwarsdeur | |
| Die eerste vokale frase word identies herhaal | **X** |

*Enige DRIE korrekte antwoorde* (3)

3.3.3 Identifiseer die styl wat met hierdie uittreksel geassosieer word.

**Antwoord:** Maskanda *1 punt* (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 14

3.4 Beantwoord die volgende vrae:

3.4.1 Beskryf wat die hoofsanger in hierdie uittreksel doen.

**Antwoord:**

- Hy voer izibongo (lofdig) uit.

*1 punt* (1)

3.4.2 Noem EEN van die instrumente, behalwe tromme, wat in die begeleiding gehoor word.


**Antwoord:**


- Konsertina/harmonika/melodika
- Kitaar/baskitaar


*Enige EEN* (1)

Snit 15

3.5 Identifiseer die korrekte ritme wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.




X



*1 punt* (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 16

3.6 Dui aan of die volgende stellings oor die uittreksel WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' vir elke stelling op die volgende bladsy.

3.6.1 Die stuk gebruik gebalanseerde frases.

3.6.2 Gesinkopeerde ritmes word in die solo- en begeleidingstemme gebruik.

3.6.3 Die koortipe is SSA.

3.6.4 Die uittreksel is in mbaqanga-styl.

**Antwoord:**
3.6.1 Waar
3.6.2 Waar
3.6.3 Onwaar
3.6.4 Onwaar

*4 x 1* (4)

Snit 17

3.7 Beantwoord die volgende vrae:

3.7.1 Beskryf die begeleiding.

**Antwoord:**
- Die begeleiding begin na die a cappella-openingseksie.
- Dit word deur 'n groep wat bestaan uit 'n tromstel, kitaar en baskitaar gespeel.
- Die kitaar het 'n ritmiese en harmoniese funksie.
- Die bastrom en baskitaar aksentueer altyd die tussenslag.
- Die geaksentueerde polsslag skep 'n gevoel van 'n Afrika voet-stamp dans wat tipies is aan die indlamu/isibhaca/muchongolo danse.
- Die baskitaar boots dikwels die ritmes wat deur die bastrom gespeel word na, of verdubbel dit.

*Enige TWEE* (2)

3.7.2 Skryf die naam van die lied en kunstenaar wat jy hoor.

**Antwoord:**
Lied: *Melodi Yalla*
Kunstenaar: Mahlathini en die Mahotella Queens

*Titel van lied = 1 punt*
*Kunstenaar = 1 punt* (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 18

3.8 Hoekom gebruik die sanger die krepitasie 'Wa kwa'?

**Antwoord:**

- Die letterlike betekenis is: 'Hoor jy dit?'.
- Die sanger gebruik dit om een van die groeplede aan te moedig om musikale vaardigheid te demonstreer.

*1 punt* (1)

Snit 19

3.9 Beskryf die manlike sanger se rol in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Hy inkorporeer 'n umngqokolo-styl (keelsang) baslyn in die vokale party.
- Hy sing 'n herhalende dreunsang-agtige figuur.
- Sy stemparty bevat nie lirieke nie.
- Hy sing 'n kort, herhalende motief.
- Hy ondersteun die groep om die lied tot by 'n opwindende klimaks te bring.
- Hy sing 'n aangehoue noot aan die einde van die uittreksel.

*Enige TWEE* (2)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: JAZZ**

4.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 20 en 21 verband hou.

Snit 20

4.1.1

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| 12-maat-blues | |
| Matige tempo in vierslagmaat | X |
| Tenoorstemtipe | |
| Ragtime-invloede | X |
| 4-maat- instrumentale inleiding | X |
| Klarinetsolo in inleiding | |
| Invloede van Tin Pan Alley-liedjies en big band-swing-musiek | |
| Altstemtipe | X |

*3 x 1* (3)

Snit 21

4.1.2

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Ballade in jazz-styl | |
| Matige swing | X |
| Saksofoon- melodiese improvisasie in inleiding | |
| Gesinkopeerde akkoordslae op klavier | X |
| Nabootsing in horingseksie | X |
| Vinnige tempo | |
| Lopende-bas-inleiding | X |
| Bastromslae op eerste polsslag | |

*3 x 1* (3)

 SA EXAM PAPERS Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 22

4.2 Beskryf DRIE kenmerke wat in die begeleiding in hierdie uittreksel gehoor word.

**Antwoord:**

- 'n Paar slae op perkussie dien as 'n kort inleiding.
- Gesinkopeerde ritmes word op klawerbord en baskitaar gehoor.
- 'n Ostinato-figuur word op kitaar in die middelregister gehoor.
- Daar is gesinkopeerde akkoordslae wat deur die horingseksie gespeel word wanneer die frase herhaal word, met aangehoue lang note in die lae blaserseksie.
- 'n Deurlopende ritmiese momentum word deur die tromstel behou.

*Enige DRIE* (3)

Snit 23

4.3 Beantwoord die volgende vrae:

4.3.1 Identifiseer die komponis van hierdie werk.

**Antwoord**: Abdullah Ibrahim *1 punt* (1)

4.3.2 Met watter DRIE items in KOLOM A assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Klaviermelodie word deur saksofone herhaal | X |
| Scat-sang | |
| Ritme-seksie lei die hooftema in | X |
| Marabi-akkoordprogressie | X |
| Improvisasie op die saksofoon | |
| Sekwense | |
| Openingsmelodie word deur kitaar gespeel | |
| Saksofone speel melodie in unisoon | X |
| Comping deur saksofone | |
| Pentatonies | |

*Enige DRIE korrekte antwoorde* (3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 24

4.4 Beskryf wat jy in hierdie uittreksel hoor.


**Antwoord:**


- Die ritmeseksie (klavier en tromstel) word eerste gehoor.
- Simbale is prominent in die tromstel.
- Ostinato-patroon op klavier word deurlopend gehoor.
- Tromboonseksie tree in met 'n ostinaat.
- Lae horingseksie speel akkoordslae teenoor die trombone.
- Saksofone en trompette stel die melodie voor.
- Die melodie word identies herhaal.
- Hierdie is 'n big band ensemble.
- Die styl is 'n wilde mengsel van Afrika- en internasionale jazz.
- 'n Versmelting van township riffs, swing en avant-garde word gehoor.
- 'n Twee-akkoord harmoniese siklus is prominent.
- Die tromme verskaf die ritmiese dryfkrag en tempo.

*Enige DRIE* (3)


Snit 25

4.5 Identifiseer die korrekte ritme wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.





X



*1 punt* (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 26

4.6 Dui aan of die volgende stellings oor die uittreksel WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' vir elke stelling op die volgende bladsy.

4.6.1 Die stuk gebruik gebalanseerde frases.

4.6.2 Kwêla-skiffelritmes word gebruik.

4.6.3 Die akkoordprogressie is I–IV–$V^6_4$–I.

**Antwoord:**
4.6.1 Waar
4.6.2 Waar
4.6.3 Onwaar

*3 x 1* (3)

Snit 27

4.7 Beantwoord die volgende vrae:

4.7.1 Beskryf die improvisasie in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**
- Improvisasie word eers deur saksofoon gespeel en dan deur die tromboon.
- Elke improvisasie is gebaseer op die betrokke harmonie van die begeleiding.
- Chromatiese beweging word in die melodielyn bygevoeg.
- 'n Kombinasie van spronge en trapsgewyse beweging binne 'n wye omvang word gehoor.
- Gesinkopeerde ritmes word deur beide soliste gespeel.
- Die saksofoonsolo bestaan uit 'n uitgebreide blues siklus en is 18 mate lank.
- Die tromboon speel twee 12-maat blues siklusse.
- Die klavier speel 'n kort, luide passasie om die intrede van elke improvisasie aan te dui.

*Enige DRIE* (3)

4.7.2 Skryf die naam van die lied/komposisie en kunstenaar/groep wat jy hoor.

**Antwoord:**
Naam: *Vary-oo-vum*
Kunstenaar/groep: Jazz Epistles

*2 punte* (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 28

4.8 Beskryf die tromstel-begeleiding.

**Antwoord:**

- 'n Vaste herhalende ritmiese patroon word gehoor.
- Die bastrom en simbale speel gesinkopeerde slae.
- Die volledige tromstel word nie deurgaans gehoor nie – 'n ligte tekstuur word deur die snaartrom en simbale bewerkstellig.
- Die simbale speel 'n swing-patroon:




- Die ritmiese patroon word hier en daar onderbreek deur ritmiese slae op die snaartrom.

Enige DRIE (3)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

**OF**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)**

5.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 29 en 30 verband hou.

Snit 29

5.1.1

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Poco a poco crescendo | **X** |
| Tremolo-figuur in hoë strykers en houtblasers | |
| Prestissimo assai | |
| Lae strykers speel in 'n polifoniese tekstuur | |
| Vraag en antwoord tussen lae strykers en harp | **X** |
| Saamgestelde drieslagmaat | |
| Arpeggio's en toonlere word deur harp gespeel | **X** |
| Orkes bestaan uit snaarinstrumente | **X** |

*3 x 1* (3)

Snit 30

5.1.2

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Saamgestelde metrum | |
| Dissonante tweestemmige sang | **X** |
| SSA | |
| Heeltoontoonleer | |
| Con moto | |
| Soprane sing 'n legato-melodie aan die begin | **X** |
| Tranquillo | **X** |
| Vergroting in die koorparty | **X** |

*3 x 1* (3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 31

5.2 Beskryf DRIE kenmerke van die wisselwerking tussen die twee instrumente wat in hierdie uittreksel gehoor word.

**Antwoord:**
- Die viool begin met die tema terwyl die klavier 'n gebroke-akkoord-begeleiding speel.
- 'n Toonleerpassasie op die klavier dui 'n oorgang tussen die rolle van die twee instrumente aan.
- Die klavier speel hierna die eerste tema terwyl die viool 'n gebroke-akkoord-begeleiding speel.
- Die tema wat nou deur die klavier gespeel word, is 'n versierde weergawe van die tema wat deur die viool aan die begin gespeel is.

*Enige DRIE* (3)

Snit 32

5.3 Beantwoord die volgende vrae:

5.3.1 Noem die komponis van hierdie werk.

**Antwoord:** (Felix) Mendelssohn *1 punt* (1)

5.3.2 Met watter VIER items in KOLOM A assosieer jy hierdie uittreksel? Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

| KOLOM A | ANTWOORD |
|---|---|
| Uiteensetting | **X** |
| Pedaalpunt deur die kontrabas op die tonika gespeel | |
| Arpeggio's deur die hoë strykers gespeel | |
| Lae strykers en klarinette speel openingsmotief | |
| Lae strykers en fagotte speel tema | **X** |
| Stadige beweging in 'n simfonie | |
| Tema is op 'n arpeggio gebaseer | **X** |
| Uitgebreide koda | |
| Cantabile | **X** |
| Hoë strykers speel 'n non legato-melodie | |

*Enige VIER korrekte antwoorde* (4)

Snit 33

5.4 Noem TWEE houtblaasinstrumente wat aan die einde van die uittreksel gehoor word.

**Antwoord:** Klarinet/hobo/fluit *Enige TWEE* (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 34

5.5 Identifiseer die korrekte ritme wat jy hoor. Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie.

| | |
|---|---|
|  | X |
|  | |
|  | |

*1 punt* (1)

Snit 35

5.6 Dui aan of die volgende stellings oor die uittreksel WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' vir elke stelling.

5.6.1 Die melodie bestaan uit een lang frase.

5.6.2 Die uittreksel eindig met 'n fermata.

5.6.3 Die stemtipe is tenoorstem.

5.6.4 Die melodie is beide sillabies en melismaties.

**Antwoord:**
5.6.1 Onwaar
5.6.2 Waar
5.6.3 Onwaar
5.6.4 Waar

*4 x 1* (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Snit 36

5.7 Vergelyk die openingsfrase met die antwoordfrase in hierdie uittreksel.

**Antwoord:**

- Die openingsfrase word deur 'n klarinet (houtblaasinstrument) gespeel terwyl die antwoordfrase deur 'n Franse horing (koperblaasinstrument) gespeel word.
- Die openingsfrase is sag terwyl die antwoordfrase sag begin met 'n crescendo na die einde.
- Beide word met legato en portato artikulasie gespeel.
- Beide frases bevat dieselfde ritmiese materiaal, maar die antwoordfrase se toonhoogte is laer.
- Die lae strykers speel aangehoue note (pedaalpunte op die tonika en dominant) in beide frases.
- Frase 1: do-so-me-do (tonika harmonie)
  Frase 2: so-do-do-so (subdominant harmonie)

*Enige VIER* (4)

Snit 37

5.8 Beskryf hoe hierdie musiekuittreksel DRIE programmatiese kenmerke kan suggereer.

**Antwoord:**

- Die tremolo-figuur in die tjello en kontrabas suggereer die naderende gerommel van veraf donderweer.
- Staccato agstenote in die strykers stel die eerste reëndruppels van die naderende storm voor.
- 'n Vinnige, dinamiese crescendo suggereer die aankoms van die storm.
- Die tutti-orkes speel *ff* om die volle mag van die storm voor te stel.

*Enige DRIE* (3)

(28 ÷ 2) **[14]**

**TOTAAL AFDELING B: 14**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C: VORMANALISE (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 6**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

| Snit 38 |
|---|

# Study no. 2 Op 47

Goedicke






SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

6.1 Gee 'n skematiese uitleg van die vorm. Trek lyne in die tabel hieronder en dui elke seksie met die ooreenstemmende maatnommers aan.

**Antwoord:**

| SEKSIES | MAATNOMMERS |
|---|---|
| A ½ | Maat 1 – 8[1] ½ |
| B ½ | Maat 8[2] – 16 ½ |
| A ½ | Maat 17 – 24 ½ |

*½ punt x 6* (3)

6.2 Noem die vorm.

**Antwoord:** Drieledig *1 punt* (1)

6.3 Bespreek die melodie in hierdie stuk.

**Antwoord:**
- Die melodie word met staccato artikulasie gespeel.
- Die melodie bestaan meestal uit agstenote.
- Dit word deur afwisselende linker- en regterhandpartye gespeel (bassleutel en diskantsleutel).
- Dit is verdeel in twee stempartye.
- Dit word op sommige plekke verdubbel en een of twee oktawe uitmekaar geskryf.
- Die melodie bevat meer spronge as trapsgewyse beweging.
- Die agstenootmotief van die eerste twee mate word in die B-seksie omgekeer.

*Enige TWEE* (2)

6.4 Noem die toonsoort en kadens in maat 14 tot 16[1].

**Antwoord:**
Toonsoort: G majeur
Kadens: Volmaakte kadens

*2 x 1* (2)

**TOTAAL AFDELING C: 8**
**GROOTTOTAAL: 30**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African